




eduresourceza.com



PINNACLE COLLEGE KYALAMI
GR. 12
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
PROEFEKSAMEN
08 September 2020
VRAESTEL 1

DATUM: September 2020
TOTAAL: 100 PUNTE
AANTAL BLADSYE: 14
EKSAMINATOR: MEV. C.M. MOCKE
MODERATOR: MEV. T. OOSTHUIZEN
TYD: 2½ URE

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit **14** bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** AFDELINGS.

Afdeling A	Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B	Opsomming (10 punte)
Afdeling C	Poësie (30 punte)
Afdeling D	Kommunikatiewe Taal (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
6. ALLE vrae moet in Afrikaans beantwoord word.

GRYSSTOF PROPVOL KLIKSTOF

Navorsers het ook bevind ons slaap sleg omdat ons kort voor slaaptyd te veel na skrms kyk. Vir 'n goeie nagrus moet jy 'n uur voor slapenstyd jou toestelle afskakel – en dit nie in die bed te gebruik nie.



(Verwerk uit Huisgenoot, 16 Junie 2019)



- 1.1 Wat, volgens die artikel, is jou belangrikste orgaan? (1)
- 1.2 Wat beteken “**Die oormaat inligting moes gevolg hê**”?
- Skryf slegs die korrekte **LETTER** neer.
- A: Te veel inligting laat mense rondomtalie draai.
- B: Te veel inligting het ‘n goeie invloed op alle mense.
- C: Te veel inligting beïnvloed mense soms negatief.
- D: Mense moet baie geld betaal vir te veel inligting. (1)
- 1.3 Verduidelik kortliks wat die term ‘**spookvibrasies**’ beteken. (1)
- 1.4 Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Haal ’n sin uit die teks **aan** om jou antwoord te motiveer.
- 1.4.1 Tegnologie is oral om ons. (2)
- 1.4.2 Jou brein is aanpasbaar. (2)
- 1.4.3 Jy kan lekker slaap as jy kort voor slapenstyd op jou I-pad speel. (2)
- 1.5 Waarom is dit skadelik vir jou aandagspan as jy gereeld op meer as een skerm fokus? (2)
- 1.6 Noem **twee** voordele wat die gebruik van tegnologie vir mense inhou. (2)
- 1.7 Noem **twee** nadele wat die gebruik van tegnologie vir mense inhou. (2)
- 1.8 Verduidelik kortliks, in jou eie woorde, wat “**Grysstof vol Klikstof**” beteken. (1)

[16]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie artikel deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg deur na die inhoud van die artikel te verwys.


Steeds vingerlek-lekker

Kolonel Harland Sanders het in 1940 sy resep vir braaihoender vervolmaak. KFC roem met reg daarop dat dit vandag nog net só heerlik smaak.

SY PASSIE VIR DIE PERFЕКTE

braaihoender is maar een van die dinge wat kolonel Harland Sanders en sy franchise-houers gemeen het. Al kon min mense sy werkywer nadoen, deel almal by KFC die kolonel se werksetiek. Dié dat 'n boksie KFC steeds een van jou gesin se heel lekkerste bederwe is.

Harland Sanders is op 9 September 1890 net buite Henryville, Indiana, gebore. Sy eerste werk op die ouderdom van tien was as plaaswerker. Hierna werk hy tot 1924 onder meer as 'n treinkondukteur, 'n muilversorger in die Kubaanse weermag, ystersmid-assistent, amateur-verloskundige en 'n brandbestryder by 'n spoorwegwerf. In dié jare verkoop hy ook versekering en motorbande en bestuur 'n vulstasie. Gedurende die Groot Depressie



in die 1930's begin hy sy eerste restaurant in 'n vulstasie se voorste vertrekke in Corbin, Kentucky. Hy noem dit Sanders Court & Café.

As erkenning vir sy bydrae tot die staat se kookkuns maak Ruby Laffoon, die destydse goewerneur van Kentucky, hom in 1936 'n ere-kolonel van Kentucky. Ná sy dood in Desember 1980 het vlae op alle staatsgeboue in Kentucky vier dae lank halfstok gehang ter ere van die man wat 'n simbool geword het van gehalte in die voedselbedryf. Vandag lek meer as 'n miljard mense in meer as 100 lande wêreldwyd jaarliks hul vingers af vir dié lekker hoendermaalte.

3.

VRAE:


- 2.1 Sê in jou **eie woorde** wat "vingerlek-lekker" beteken. (1)
- 2.2 Wat was die eerste werk wat Harland Sanders ooit gedoen het? (1)
- 2.3 Is KFC die enigste lekker bederf vir 'n gesin? Motiveer jou antwoord deur na die teks te verwys. (1)
- 2.4 Wat gebeur met Kolonel Sanders in 1936? Haal 'n sin uit die leesstuk aan om jou antwoord te motiveer. (2)
- 2.5 Hoekom is dit ongewoon om 'n restaurant in 'n tyd van ekonomiese depressie oop te maak? (1)
- 2.6 Wat was die naam van Kolonel Sanders se eerste restaurant? (1)

- 2.7 Eet baie mense nog steeds die KFC hoender? Motiveer jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal. (2)

[9]

VRAAG 3: STROKIESPRENT

Bestudeer die spotprent wat in *Beeld* – 9 Januarie 2008 verskyn het. Beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



VRAE:

- 3.1 Hoe weet ons dat die gesprek tussen die pa en sy seuntjie in die **oggend** plaasvind? Noem **EEN** feit. (1)
- 3.2 Wat hou die pa in sy hande vas? (1)
- 3.3 Hoe reageer die pa, in terme van liggaamstaal, op sy seuntjie se woorde? Verduidelik in **EEN** volsin. (1)
- 3.4.1 In watter graad is die seuntjie? (1)
- 3.4.2 Haal aan uit die strokiesprent om jou antwoord te motiveer? (1)

[5]

Afdeling A: [30]

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4:

- Die onderstaande artikel noem **vyf maniere** waarop jy **jouself gelukkig kan maak**. Oor elke manier is daar ook **navorsing** gedoen om **dit te bewys**.
- Som nou die artikel in vyf hoofgedagtes op. Noem telkens wat jy moet doen om gelukkig te wees gevolg deur **wat** die navorsing hieroor bewys.

Onthou:

- Skryf telkens wat jy moet doen **om gelukkig** te wees en **wat die navorsing bewys**, in jou eie volsinne neer.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke hoofgedagte moet sowel dit wat jy **moet doen om gelukkig** te wees en wat **die navorsing bewys**, bevat.
- Elke hoofgedagte mag net uit een sin bestaan. Gebruik voegwoorde.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde wees nie.
- Skryf 'n woordtelling neer.
- Laat reëls tussen jou sinne oop.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Maak jouself gelukkig

1. Op die vraag wat geluk nou eintlik is, is daar miljoene antwoorde. Wanneer jy die woord google, kry jy binne 0,66 sekondes 530 miljoen resultate.

2. Belê in jou verhoudings: as ouers en kinders 'n goeie verhouding het, sal die gesin gelukkig wees. As jy 'n goeie verhouding met jou vriende het, sal jul portuurgroep 'n gelukkige groep wees. In 'n Harvard-studie is gevind dat mense wat op ander mense fokus en nie net op hulself nie, goeie verhoudings het.

3. Leef vir die oomblik en fokus op dinge wat nou gebeur en wat nou belangrik is. Nog 'n Harvard-studie het bewys dat mense wat nie ten volle aandag gee aan wat hulle doen nie of dagdroom, emosies van ongelukkig-wees ervaar. Slaap genoeg. Ons weet almal hoe belangrik 'n goeie nagrus vir ons gesondheid is. Navorsing by die Universiteit van Michigan het bewys dat 'n uur ekstra slaap jou gelukkiger sal maak as goeie punte in 'n toets.

4. Navorsing het bewys dat die interaksie met diere net so kosbaar kan wees soos die liefde en ondersteuning van 'n vriend of familielid. Kry dus vir jou 'n troeteldier! Maar gee aandag aan die diertjie, anders gaan hy nie lief vir jou wees nie.

5. Navorsing het verder bewys dat mense 15.3% gelukkiger is as hulle by ander gelukkige mense is. Sorg dus dat jy met positiewe en gelukkige mense assosieer. Soek dus vir jou 'n nuwe vriendegroep as jy in 'n groep is waar almal altyd negatief is en oor alles kla.

(256 woorde)

(Verwerk uit: **Rapport Beleef** – 9 April 2019)

Afdeling B: [10]

AFDELING C: POËSIE

VRAAG 5: VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae soos versoek.

Staan op! - Fanie Viljoen

- 1 Staan op! As jy al ooit alleen was
- 2 Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
- 3 hoe jy werklik voel.
- 4 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
- 5 niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
- 6 Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
- 7 Jy te vet/te maer/te lelik/te...was.
- 8 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
- 9 "iets aan jouself te doen".
- 10 Staan op! As jy dink daar is net donker in die toekoms.
- 11 Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
- 12 Staan op! As jy al ooit jou pyn vir ander mense moes wegsteek.
- 13 Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar nes jy is nie.
- 14 Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
- 15 nie kan verander nie.
- 16 En kyk – hoeveel mense sit nog om jou?

- 5.1 Aan wie is die gedig opgedra? (1)
- 5.2 Noem **twee** moontlike emosies wat jy kan ervaar as jy geterg word? (2)
- 5.3 Haal **een woord** uit reël 6 aan wat met "seerkry" geassosieer word? (1)
- 5.4 Waarom word die bevel, "Staan op!" herhaal en wat is die funksie van die uitroepteken? (2)

- 5.5 Verduidelik die laaste reël, (reël 12), in die gedig. Gee **twee** korrekte feite. (2)
- 5.6 Wat is die boodskap of lewensles van die gedig? (2)

[10]

VRAAG 6: VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae soos versoek.

Aandeelhouer - Alta Marincowitz

1. En die jongeheer?
2. Gaan hy ook eendag in sy pa se voetspore volg?
3. No ways Meneer my
4. interest is nie in finance ek
5. rate nie baie hoog woorde
6. Soos inflasie resessie aandele die
7. beurs dra ek in my sak ek
8. invest my tyd en energy in
9. sport my muscles is my
10. bates dit het
11. effekte op die girls laat
12. hulle bloeddruk opwaarts neig
13. my risiko's is matig vir stewige
14. lopies kyk ek krieket
15. en anyway who cares wat die
16. prys
17. Is van koring mielies en
18. sonneblom

VRAE:

- 6.1 Gee 'n kort opsomming lewensfilosofie van die seun in die gedig? (2)
- 6.2 Noem **twee** moontlike betekenisse vir die woord "interest" in reël 4? (2)
- 6.3 Waarin "belê" die tienerseun eerder as om te wil werk en geld te maak? Haal 'n reël uit die gedig aan om jou antwoord te motiveer. (2)
- 6.4 Verduidelik die ironie rondom die gebruik van die woord, "beurs", reël 7, in die gedig. (2)
- 6.5 Verduidelik die titel van die gedig, gee **twee** duidelike feite? (2)

[10]

VRAAG 7: ONVOORBEREIDE GEDIG.

Lees die onderstaande onvoorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae soos versoek.

Talle Tonge - Matthews Phosa

1. Talle tonge het ek
2. een tong op 'n gegewe oomblik

3. 'n heuningtong
4. 'n bitter tong
5. 'n tong stomp
6. genoeg om te swyg

7. my skerp tong klap
8. klap soos 'n sweep
9. en keep diep en laat bloei

10. my suur tong brand
11. brand soos asyn
12. en laat krimp inmekaar en skend

- 13 Talle tonge het ek
- 14 een tong op 'n gegewe oomblik
- 15 'n tong om te sny
- 16 'n tong om te salf
- 17 Ek het talle tonge



VRAE:

- 7.1 Hoekom het die spreker net '**EEN tong** op 'n gegewe oomblik' (r.2) ? (1)
- 7.2 Noem **drie** tipes "tonge" wat 'n mens, volgens die skrywer kan hê. (3)
- 7.3 Haal **een** woord uit die eerste strofe aan wat dieselfde beteken as om stil te bly. (1)
- 7.4 Wat doen die "skerp tong" in reël 7, haal aan uit die gedig om jou antwoord te Motiveer. (2)
- 7.5 Noem **twee** spesifieke dinge uit die laaste strofe wat wys wat die tong kan doen. (2)
- 7.6 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

[10]

AFDELING C: [30]

VRAAG 8: SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui:



8.1 Woef kry te warm in die son. Hy spring in die koel swembad.

Nadat ...

(1)

8.2 Het jy al ooit so warm gekry?

Nee, ...

(1)

8.3 **Jessica** sê: "Ons gaan vandag braai."

Jessica sê dat ...

(1)

8.4 Ouma sit en waai haarsel om koel te voel.

'n Rukkie gelede ...

(1)

8.5 Pa wil lekker boerewors braai omdat elke dag braaidag is.

Aangesien ...

(1)

8.6 Oupa moet vandag sy koeldrank onder die sambreel drink.

Sy koeldrank ...

(1)

8.7 Ma moet haar sonhoed in die swembad opsit.

Ma behoort ...

(1)

8.8 Hy hou baie van braaivleis. Pa braai gereeld vleis op die braaier.

Omdat ...

(1)

8.9 Ouma dra haar sonbril wanneer die son te helder is.

Verlede maand het ...

(1)

8.10 Dit is koeler in die swembad as in die huis.

Volgende week ...

(1)

8.11 Die familie word deur die waaiers koel gewaai.

Die familie behoort ...

(1)

8.12 Pa sê: "Julle moet swem en eet en julleself geniet."

Pa sê....

(1)

[12]

VRAAG 9: WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord onder mekaar in jou antwoordskrif neer.



Dit is vandag 'n **9.1 (warm – gee die vergrotende trap)** dag as gister. Die vrou jaag die twee **9.2 (ape – gee die verkleining)** met 'n groot knopkierie. Die radio se volume is op die **9.3 (hoog – gee die oortreffende trap)** gedraai. Die seuntjie sit **9.4 (by / op / oor – kies die korrekte voorsetel)** die meisie se rug, maar sy voel **9.5 (baie gelukkig – gee die intensiewe vorm)**. Die ma was nie lus om vandag inkopies te gaan doen nie; dus het sy gister **9.6 (groceries – vertaal in Afrikaans)** by die winkel gaan koop om op die strand te geniet.

Sy het **9.7 (14 – skryf in woorde)** burgers gekoop sodat almal 'n **9.8 (eetding – gee die verkleining)** kan geniet. Sy **9.9 (herken/verken/erken – kies die korrekte woord)** dat dit nie die **9.10 (goed – gee die oortreffende trap)** vleis is nie.



Pa braai en speel **9.11 (kelnerin – gee die teenoorgestelde geslag)** vandag. Hy is 'n man van vele talente; **9.12 (m.a.w. – skryf in woorde)** hy is goed met baie dinge.

Die jong vrou en die kind is in die see omdat dit so warm is en hulle **9.13 (weet / ken - kies die regte woord)** dit is altyd die heel ergste teen **9.14 (14h00 – skryf in woorde)** in die middag. As ek 'n **9.15 (kies / keuse – kies die korrekte woord)** het, sal ek ook liever in die **9.16 (koud – gee die korrekte vorm van die woord)** water wil wees.

$$[16 \times \frac{1}{2} = 8]$$

VRAAG 10: KOMMUNIKASIE

Bestudeer elkeen van die onderstaande scenarios en skryf 'n gepaste respons langs die korrekte nommer op jou antwoordblad neer.

- ✓ Lees die inligting hieronder wat op die prentjies gebaseer is, deeglik deur.
- ✓ Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- ✓ Skryf elke keer net die woorde neer van die persoon wat praat. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- ✓ Elke respons moet tussen **15 – 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling neer te skryf.
- ✓ Die respons moet uit EEN of TWEE sinne bestaan. NIE MEER NIE.
- ✓ Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



10.1. Situasië 1:

Jy is **baie bekommerd** oor jou Afrikaanse eksamen. Jou onderwyseres vra vir jou hoe dit met jou eksamen gegaan het. Jy antwoord en vertel vir haar hoe **moeilik** dit was en dat jy **bekommerd** voel.

Skryf jou woorde neer.

Jy: "..."



(2)

10.2 Situasi 2:

Jou vriendin **troos** jou omdat sy seker is dat jy beter gaan doen as wat jy dink. Skryf jou vriendin se woorde neer.

Jou vriendin: "..."

(2)

10.3. Situasi 3:

Jou vriendin **nooi jou uit** om saam met haar na Tasha's toe te gaan om die einde van die eksamen te vier. Skryf haar woorde neer

Jou vriendin: "..."

(2)

10.4 Situasi 4:

Die kelner neem jou bestelling. **Wat bestel jy om te eet en te drink?** Skryf die direkte woorde neer wat jy vir die kelner sê.

Jy: "..."



(2)

10.5 Situasi 5

Jou vriendin is **baie opgewonde** oor die vakansie. Sy vertel vir jou **waarheen** sy gaan en **waarom sy so opgewonde** is. Skryf haar woorde neer.

Jou vriendin: "..."

(2)

[10]

Afdeling D: [30]**TOTAAL VIR VRAESTEL 1: [100]**